Jy kyk na die meeste geboue en vertrekke van die kant af omdat jy op die grond staan.



Hierdie foto wys 'n syaansig van 'n klaskamer.

'n Planaansig is die aansig van bo af. Dit word ook 'n lugaansig genoem.

'n **Plan** is 'n tekening van 'n plek soos dit van bo af lyk. 'n Plan wys die grootte en vorm van dinge. Dit wys ook die posisie van dinge. Jy kan sien waar alles is deur 'n plan te gebruik. Kyk na die foto van die klaskamer en kyk dan na hierdie plan van dieselfde klaskamer.



Hier is 'n plan van die klaskamer.

Aktiwiteit

Kyk na die foto en die plan.

1. Waar het die fotograaf gestaan toe sy die foto geneem het?
2. Wat kan jy op die plan sien wat jy nie in die foto kan sien nie?
3. Wat wys die foto wat jy nie in die plan kan sien nie?
4. Beskryf die grootte, die vorm en die posisie van die onderwyser se lessenaar.